Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

**21 NOVEMBER 2019**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | Jan van Riebeeck; 1652 | | |
| | 1.1.2 | 1779 | | |
| | 1.1.3 | Heemrade | | |
| | 1.1.4 | Moeilik om te verander | | |
| | 1.1.5 | Wetgewende; uitvoerende | | |
| | | | (5 × 2) | (10) |
| 1.2 | 1.2.1 | B | | |
| | 1.2.2 | D | | |
| | 1.2.3 | E | | |
| | 1.2.4 | K | | |
| | 1.2.5 | C | | |
| | | | (5 × 2) | (10) |
| 1.3 | 1.3.1 | Kieswyk | | |
| | 1.3.2 | Openbare werke | | |
| | 1.3.3 | 1685 | | |
| | 1.3.4 | Landdros | | |
| | 1.3.5 | Woordelikse | | |
| | | | (5 × 2) | (10) |
| 1.4 | 1.4.1 | Waar | | |
| | 1.4.2 | Waar | | |
| | 1.4.3 | Onwaar | | |
| | 1.4.4 | Onwaar | | |
| | 1.4.5 | Onwaar | | |
| | | | (5 × 2) | (10) |
| | | | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1

- Die Britte staan 1802 sy mag in die Kaap aan die Hollanders af en die burgersenaat word deur die Raad der Gemeente vervang.
- Die Britte herwin in 1806 sy mag in die Kaap en die Raad der Gemeente word deur die burgersenaat vervang.
- Die burgersenaat word in 1827 afgeskaf.
- Van 1827 tot 1839 het Kaapstad geen munisipale raad nie.
- In 1836 word Munisipale Ordonnansie 9 van 1836 uitgevaardig.
- Op 3 Februarie 1837 verkies Beaufort-Wes sy eerste munisipale raad.
- Die Kaapstadse Munisipale Raadsinstelling word in 1838 gevestig.
- Die Kaapse Munisipale Ordonnansies vorm die grondslag vir die vestiging van die munisipale rade van Natal (1847), Oranje-Vrystaat (1856) en Transvaal (1883).
- In 1854 volg Natal 'n nuwe Britse instelling.
- Die Kaapkolonie vestig in 1855 sy eerste afdelingsraad vir padbou.
- Nuwe wetgewing word in 1867 in Kaapstad uitgevaardig, waarin bepaal word dat dorpe korporatiewe instansies moet hê. (Enige 5 × 2) (10)

2.2

- Verseker die beginsel van publieke administrasie.
- Hoër owerhede kan nie 'n verskeidenheid dienste lewer nie.
- Gebruik geld ekonomies (spaarsamig).
- Lewer dienste goedkoper.
- Verlig die sentrale regering se las.
- Verskillende stede het verskillende behoeftes.
- Verbeter die belangstelling in administrasie.
- Daar is spesialisering nodig om in verskillende behoeftes te kan voorsien.
- Beleide word vinniger geïmplementeer.
- Inwoners het belange in hul eie omgewing.
- Plaaslike inisiatiewe kan aangewakker word.
- Die plaaslike owerheid is beter geleë om die nasionale beleid uit te voer.
- Hoër owerhede kan hulpbronne nie so effektief aanwend nie.
- Formuleer nasionale beleid.
- Inwoners neem aan openbare aktiwiteite deel. (Enige 10 × 1) (10)

2.3

- Berge, heuwels en valleie kan die ontwikkeling van dorpe en stede beïnvloed.
- Enkele geografiese faktore kan die land ongeskik en onstabiel maak, wat die oprigting van geboue verhoed.
- Mense kan die omgewing verander of aan die omgewing onderhewig wees.
- Daar moet 'n ewewig tussen bewaring en gebruik gehandhaaf word.
- Die geografie van 'n gebied kan toeriste lok en 'n inkomste genereer.
- Geografiese landmerke kan ontwikkel word om mense se welstand te verbeter, soos met Tafelberg en Kimberley se Groot Gat. (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.4
- Kan die munisipaliteit aanraai om op 'n spesifieke wyse op te tree
- Kan die munisipaliteit keer om op te tree op 'n manier wat nie in inwoners se belang is nie
- Plaas druk op die munisipaliteit deur optrede aan te wakker
- Kan dit verhoed om enige haastige stappe uit te voer deur sy/haar goedkeuring te weerhou
- Kan voorwaardes oplê wanneer bedrywighede gemagtig word
- Verseker dat verordeninge binne die nasionale beleid en die Grondwet bly
- Kan die munisipaliteit van raad dien oor die rigting wat hy moet inslaan
- Kan die formulering van munisipale beleid beïnvloed vanweë sy/haar goedkeuring
- Kan ingryp as die munisipaliteit se bedrywighede hand-uit ruk
- Hy/Sy is die hoof van die provinsie waarin die munisipaliteit voorkom.

(Enige 5 × 2) (10)

**[40]**

## VRAAG 3

3.1
- Die GOK ('IDP') en ontwikkelingsplanne van alle munisipaliteite val onder hul beheer.
- Beheer vaste-afvalwegdoening van meer as een plaaslike munisipaliteit in die distrik
- Het gesag oor die munisipale paaie van die distrik
- Reguleer passasiersvervoerdienste
- Beheer munisipale lughawedienste
- Het gesag oor die munisipale gesondheidsdienste
- Reguleer die brandbestrydingsdienste in die distrik
- Is verantwoordelik vir die oprigting, gedrag en beheer van begraafplase en krematoria
- Bevorder toerisme vir die distrik
- Is verantwoordelik vir die funksies van openbare werke in die distrik
- Ken toelaes aan die distrik toe en deel dit uit
- Verseker ingevolge wetgewing die heffing en insameling van belastings en heffings en oplegging van pligte vir die voorsiening van bogenoemde funksies in die distrik (Enige 10 × 1) (10)

3.2
- Lewer dienste wat plaaslik van aard is.
- Bevorder die gemeenskap se welstand.
- Die dienste wat gelewer word, raak die inwoners.
- Die munisipaliteit word nie gedwing om enige dienste te lewer nie.
- Geen standaarde vir dienste word daarin voorgeskryf nie.
- Munisipaliteite is outonoom op plaaslike vlak.
- Besluit oor die aard, omvang en tyd van dienste.
- Dienslewering ontwikkel die munisipaliteit.
- Inwoners se behoeftes bepaal die soort dienste.
- Dienste word gelewer as daar finansies beskikbaar is.
- Die inwoners moet vir dienste betaal.
- Raadslede moet van die inwoners se behoefte kennis dra om te kan bepaal watter dienste gelewer moet word.
- Inwoners is daarvoor verantwoordelik om hul behoeftes onder die raad se aandag te bring. (Enige 10 × 1) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.3
- Op 'n bedrieglike wyse om registrasie aansoek gedoen
- Nie 'n Suid-Afrikaanse burger nie
- Deur die Hoë Hof tot ontoerekeningsvatbaar verklaar
- Ingevolge die Wet op Geestesgesondheid aangehou
- Ingevolge die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik aangehou
- Nie woonagtig in die kiesdistrik waarom aansoek gedoen is nie

(Enige 5 × 1) (5)

3.4
- Die aantal raadslede wat vasgestel moet word voordat wyke toegeken word
- Die geïdentifiseerde aantal kiesers
- Topografiese en fisiese kenmerke
- Die beskikbaarbeid van stemplekke
- Die digtheid van die bevolking in die gebied
- Die kiesers se veiligheid en sekuriteit en verkiesingsmateriaal (Enige 5 × 2) (10)

3.5
- Met die lewering van normale munisipale dienste
- Wanneer hulle met die premier se toestemming grond koop of huur
- Wanneer hulle grond op 'n openbare veiling koop
- Wanneer hulle goedere op 'n openbare veiling verkoop
- As hulle 'n lid van 'n sportklub is en die klub teken 'n kontrak met die munisipaliteit
- As hulle 'n aandeelhouer in 'n maatskappy is wat 'n kontrak met die munisipaliteit wil aangaan (Enige 5 × 1) (5)

**[40]**

## VRAAG 4

4.1
- Ontvang verslae van die raadskomitees.
- Identifiseer die munisipaliteit se behoeftes.
- Hersien en evalueer voorkeurbehoeftes.
- Beveel by die raad aan hoe die behoeftes geprioritiseer moet word.
- Beveel die beste manier aan waarop hierdie strategieë aangebied moet word (5 × 2) (10)

4.2
- Om verslae van ander komitees te ontvang
- Om die munisipaliteit se behoeftes te identifiseer
- Om behoeftes in voorkeurvolgorde te hersien en te evalueer
- Om strategieë aan te beveel om in hierdie behoeftes te voorsien
- Om kriteria te identifiseer en te ontwikkel ten einde die vordering van strategieë te evalueer
- Om die munisipaliteit se prestasie te hersien ten einde daarop te verbeter
- Om toesig oor die munisipaliteit se spaarsaamheid en effektiwiteit te hou
- Om die doeltreffendheid van kredietbeheer, inkomste en skuldvordering te verseker
- Om die implementering van die munisipale verordeninge te verseker
- Om die bestuur van die munisipale administrasie te monitor
- Om toesig oor die voorsiening van dienste aan die gemeenskap te hou
- Om enige pligte uit te voer wat deur die raad daaraan gedelegeer is
- Om jaarliks oor die betrokkenheid van gemeenskappe in die munisipaliteit verslag te doen
- Om te verseker dat openbare beskouings in raadsbesluite in aanmerking geneem word (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.3
- ’n Notule is die amptelike rekord van besluite wat by ’n vergadering geneem is.
- Dit help om verskille oor besluite wat geneem is, te voorkom.
- Dit word as terugverslagdoening oor die stappe wat uitgevoer is, by die volgende vergadering gebruik.
- Dit word by die opvolgvergadering goedgekeur as al die lede met die inhoud daarvan saamstem.
- ’n Notule word, tesame met die begroting, beskou as 'n verklaring van die beleid wat uitgevoer moet word.
- Notules is regtens bindend en moet vir toekomstige gebruik op rekord gehou word. (Enige 5 × 2) (10)

4.4
- ’n Probleem word in die gemeenskap geïdentifiseer.
- ’n Raadslid dien dokumente in waarin die probleem verduidelik word.
- Enige besware word aangehoor.
- ’n Ander raadslid moet dan die mosie sekondeer.
- Dit word 10 dae voor die maandelikse raadsvergadering ingedien om by die raad se agenda ingesluit te kan word.
- Die raadslede wat teen die mosie gekant is, kry geleentheid om hul saak te stel.
- Die voorsitter laat toe dat daar oor die aangeleentheid gedebatteer word.
- Nadat daar genoeg daaroor gedebatteer is, word die voorsteller toegelaat om ’n laaste woord te spreek voordat die aangeleentheid afgesluit word.
- Die voorsitter versoek die raad om oor die aangeleentheid te stem.
- Daar word oor die mosie ooreengekom en dit word na die tersaaklike afdelings vir hul aanbevelings gestuur. (10)

**[40]**

**VRAAG 5**

5.1
- Publiseer ’n kennisgewing in ’n plaaslike koerant waarin die raad se planne uiteengesit word.
- Nooi die publiek uit om kommentaar te lewer/hul siening te opper.
- Maak van ander vorme van kommunikasie gebruik soos radio-uitsendings om die publiek van die raad se voorneme in kennis te stel.
- Lewer afskrifte van die kennisgewing by die LUK vir plaaslike owerheid in die provinsie af asook by die munisipaliteite wat daardeur geraak word, die landdros, as hy geraak word, en die provinsiale huis van tradisionele leiers, as hulle geraak word.
- Nooi al bovermelde partye uit om hul siening van die saak op skrif voor te lê.
- Neem alle sienings en aanbiedings in aanmerking.
- Hou openbare vergaderings.
- Nooi die publiek uit om die vergadering by te woon en lig hulle behoorlik in.
- Stel formeel ondersoek in as twee munisipaliteite saamgevoeg moet word of ’n bestaande munisipaliteit verdeel moet word. (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

5.2 Motorvoertuiglisensiëring

- Munisipaliteite is verantwoordelik vir die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie.
- Hulle reik padwaardigheidsertifikate vir voertuie uit.
- ’n Bestuurderslisensie word uitgereik nadat die bestuurder deur verkeersbeamptes getoets is.
- Inkomste wat deur sodanige dienste gegenereer word, word aan die munisipale owerhede betaal.

Sakelisensies

- Hulle lisensieer kommersiële ondernemings.
- Hulle beskik oor ’n beheerfunksie.
- Hulle moet seker maak dat persele nie ’n gesondheidsgevaar skep of inhou nie.
- Beheersertifikate word aan ’n onderneming uitgereik.
- Gesondheidsinspekteurs gaan uit om sakepersele te inspekteer.
- Die uitreiking of weiering van ’n sakelisensie is om die doel waarom daar aansoek gedoen is, te beheer.
- Hulle kan van die lisensiëringskomitee gebruik maak. (Enige 5 × 2) (10)

5.3

- ’n Natuurlike persoon
- ’n Suid-Afrikaanse burger
- ’n Minimum ouderdom van 18 jaar
- In besit van ’n geldige ID
- Geregistreer op die munisipale kieserslys om te stem
- Woonagtig in die area van jurisdiksie
- Nie aan enige diskwalifisering onderhewig nie (Enige 5 × 2) (10)

5.4

- By ’n ander munisipaliteit in diens
- Deur die staat in ’n ander sfeer aangestel
- Gediskwalifiseer om vir die Nasionale Vergadering te stem
- Ongerehabiliteerde insolvente persoon
- Onstabiele/ontoerekeningsvatbare persoon
- Vonnisse van meer as 12 maande sonder die opsie van ’n boete
- ’n Lid van die Nasionale Vergadering of 'MCP' of die Provinsiale Wetgewer
- ’n Lid van ’n ander munisipale raad
- Alreeds ’n raadslid van ’n munisipaliteit
- As ongeskik verklaar om as raadslid te dien
- Agterstallige rekeninge by die betrokke munisipaliteit vir langer as drie maande
- Kwalifiseer ná verkiesing nie meer vir registrasie as kieser nie
- Eggenoot is ’n werknemer van die raad
- Is deur die hof as ongeskik verklaar om ’n openbare amp te beklee

(Enige 5 × 2) (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**

**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou